

(Stellenbosse Stadsaal, 27 Februarie 1963, 10 vm.)

VERKLARING DEUR DIE REKTOR I.S. VERHOUDING  
UNIVERSITEIT EN KWEEKSKOOL

In die jongste verlede was daar verskeie kere in die pers en oor die radio berigte in verband met onderhandelinge rakende die verhouding tussen die Universiteit van Stellenbosch en die Teologiese Kweekskool van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Sowel by die Universiteit as by die Kerk is dan ook deur belangstellendes hieroor navraag gedoen.

Vanselfsprekend is hierdie saak vir die Universiteit en vir die Kerk van die allergrootste belang. Die onderhandelinge het reeds sowat vyf jaar gelede begin en, soos bekend is, het die Kaapse Sinode ten tyde van sy jongste sitting enkele jare gelede in Kaapstad, besondere aandag hieraan gewy. In die loop van die onderhandelinge moes 'n verskeidenheid van moeilike vraagstukke opgelos word, maar dank sy openhartige en vriendelike samewerking, wat van albei kante geredelik gegee is, kon die nodige oplossings gevind word.

'n Paar weke gelede is van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap berig ontvang dat die Regering geen beswaar teen die voorgestelde skema het nie, en ook dat ál ses die professorate wat onder die nuwe bedeling deur die Universiteit ingestel moet word, van Regeringsweë erken is. Hiermee was die noodsaaklike voorbereidingswerk voltooi, en kon die ooreenkoms wat die Universiteit en die Kerk moes aangaan, nou formeel onderteken word. Dit het dan ook 'n paar dae gelede gebeur. Daarmee het die nuwe bedeling, met terugwerkende krag vanaf 1 Januarie 1963, in werking getree.

Onder die nuwe bedeling behou die Kweekskool, as inrigting van die Kerk, sy identiteit, en behou die Kerk ook volle beheer oor dosente in soverre hulle studente vir die bediening oplei, asook oor studente in soverre studente hulle vir die bediening voorberei. Die Kweekskool word as volwaardige Fakulteit van Teologie by die Universiteit <sup>ingelyf;</sup> die ses professore van die Kweekskool word professore van die Universiteit en neem as sodanig sitting in die Senaat; en die studente van die Kweekskool skryf in as studente van die Universiteit.

Die voordele wat hierdie reëling vir albei partye inhou, lê voor die hand. Dosente en studente van die Kweekskool

sal/.....



sal voortaan 'n voller en ryker aandeel aan die Universiteitslewe op Stellenbosch hê, terwyl alle fasiliteite van die Universiteit vir studente van die Kweekskool sal oopstaan: hulle sal vryelik toegang hê tot biblioteke, verenigings en sportklubs van die Universiteit; hulle sal vir beurse en lenings van die Universiteit in aanmerking kom; en hulle sal ook gewoonweg soos ander studente in Universiteitskoshuise kan inwoon.

Waar daar in die verlede tussen die Universiteit en die Kweekskool hartlike samewerking bestaan het, is daar nou vir 'n hegte organiese verband voorsiening gemaak, waardeur die voorbereiding van baie jongmense vir hulle taak in die lewe ongetwyfeld meer doeltreffend en omvattende gemaak sal word.

Die Universiteit wil sy hartlike dank uitspreek teenoor sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die simpatieke, hulpvaardige houding wat die Minister se Departement geopenbaar het. Die Universiteit wil ook sy hoogste waardering betuig teenoor die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, aan wie die Universiteit, vanaf sy klein begin in 1866 tot vandag toe, oneindig veel te danke het.

H.B. THOM,  
REKTOR.